
# Die Here het dit





**AGS Rayton**
**11 Julie 2021**
**Past Gustav van Aardt**

# Skrifgedeelte – Rom 14:7-12

Rom 14:7 Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand
sterf vir homself nie.
8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe,
sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons
behoort aan die Here.
9 Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer
lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers.
10 Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag
jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus
gestel word.
11 Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor
My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.
12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.

## Ons leef nie vir onssself nie

- Ons leef en sterf tot voordeel van die Here
- Hoekom sal ons dus vrees of bekommerd wees?
- Ons tree as verteenwoordigers van God op.
- Die ou mens het gesterf. Nou nuut in Christus (2 Kor 5:17).

*Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Rom 14:7 Afr53*

*Ons het nie finale seggenskap oor onsself nie – of ons lewe of sterwe. NLV*

## Gee net oor aan Jesus

- Hy sal besluit.
- Hy het ons mos reeds gekoop met Sy bloed.
- Vertrou dat God se wil sal geskied.
- Jesus het gegaan om vir ons plek voor te berei
- Moet nie so vol vrees leef nie. (Job 3:25)
- Doen alles in Sy Naam en dank Hom (Kol 3:17)

*Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Rom 14:8*

## Jesus Christus het reeds oorwin

- Jesus Christus het reeds die geveg gewen.
- Hy heers oor lewend en dood
- Ons ontvang die oorwinning
- Geen siekte, of virus of vrees mag oor ons heers nie. Jesus Christus leef in ons.
- Niks kan ons skei van Sy liefde nie.

*Want hiervoor het Christus ook gesterwe en opgestaan en weer lewend geword, om oor dode sowel as lewende te heers. . Rom 14:9*

## Ons gaan almal voor Jesus verskyn

- Ons gaan elkeen vir onsself rekenskap moet gee.
- Maak seker dat jy ‘n lewende verhouding met die Here Jesus het.

*.... Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Rom 14:10*
*So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee. Rom 14:12*

## Voor Hom sal elke knie buig

- Jesus Christus – Koning van die konings en Here van die here.
- Dit gaan alles net oor Hom.

*Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. Rom 14:11*

- Jes 45:23

## Christus is reeds bo alles – vat oorwinning



## Christus is reeds bo alles – vat oorwinning




**Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.**

## Veilig in Sy hand

27 My skape luister na my stem, en
Ek ken hulle, en hulle volg My.
28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en
hulle sal nooit verlore gaan tot in
ewigheid nie, en niemand sal hulle uit
my hand ruk nie.
29 My vader wat hulle aan My gegee
het, is groter as almal; en niemand
kan hulle uit die hand van my Vader
ruk nie. *Joh 10:27-29*

